

24 Mei - HOOF

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-16

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:15-16

Die grondpatroon van die Drieënige God se kerkbouwerk is hier geteken. Dié skets kenskets die beeld van Jesus Christus, die hoof van sy liggaam, die kerk, waarin God elke lid begaaf. Op grond daarvan is die gawe-lede saam besig met liggaamsbou.

Die kerk kan nie waarlik kerk wees as die beeld wat dit vertoon, een is wat eintlik stol en stagneer in 'n houding van "ons is maar mense en ons leef en maak maar soos ons kan – ons is nie volmaak nie". Die beeld van die kerk as 'n liggaam is die vergelyking met 'n gemeenskap wat soos 'n *lewende* liggaam is, wat groei om soos 'n volgroeide mens te word – nie 'n veerligte kinderliggaampie bly wat deur elke wind van dwaalleer geskud en geslinger word nie.

Die liggaam van Christus wat tot volwassenheid groei, beantwoord aan die doel wat Christus met sy kerk het, naamlik om sy bruid te wees wat uit die krag van haar verbinding aan Hom haar in liefde self opbou.

Wat is die groeimiddel waarmee die liggaam so gebou word? Die metafoor van die groeiende liggaam wat met liggaamsbou besig is, kom by die heerlike doel van die kerkbouprogram: die liggaam bou haarself as bruid op in selflose liefde: deurdadig elke lid sy funksie vervul, lei dit tot die opbouing in liefde en die groei na Christus toe. Daaruit is die beginsel van liefde tot God en liefde tot die naaste duidelik.

Is dit die bind- en groeimiddel in u gemeente? Lidmaat, Ledemaat, ons is deur God verkies om te leef tot sy eer, en om ons gawes "*gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede*" aan te wend (HK 55). So bou God sy kerk deur die Hoof Christus, terwyl die Gees die liefde in die liggaam aanvuur.

Sodoende is die bruid besig om intens as voorbereidende bruid op te leef na die koms van haar Bruidegom!

Sing: Skrifberyming 1-1:2, 5

Ds JP Bingle (Emeritus)